*South African Journal of Education*
Copyright © 2002 EASA
Vol 22(3) 162 – 169

# Kritieke elemente in die opleiding van onderwysers in Opvoeding vir Vrede binne die konteks van uitkomsgebaseerde onderwys

**A.E. Carl*** en **D. Johannes**
Departement Didaktiek, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602 Suid-Afrika
aec2@sun.ac.za

* Aan wie korrespondensie gerig moet word

**Critical elements in the training of teachers in Peace Education within the context of outcomes-based education.** Within the context of change in South Africa, there are various challenges and problems such as poverty, hunger, unemployment and housing shortages. These problems, added to other socio-political and cultural factors, contribute to the escalation of crime in our country. Although the moratorium on crime statistics affects the accuracy thereof, it is clear that violence against children has increased since 1994. As the most important role models (in schools), teachers are responsible for preparing learners to think critically and creatively about social problems and to cope with conflict and violence. Teachers have to empower them to make a positive contribution in their environment. Peace Education can be incorporated as an alternative process in developing specific positive attitudes and values in learners. Learners are also offered the opportunity to handle personal, political and community conflicts in a peaceful manner. Teachers can empower learners in Peace Education by using outcomes-based education. Identifying the critical elements of Peace Education, with reference to the training of teachers, is therefore of the utmost importance.

## Inleiding: probleemstelling

Die Departement van Onderwys se visie vir hul leerders is gebaseer op die verklaring van menseregte wat 'n hoeksteen vorm van die demokrasie in Suid-Afrika. Volgens Nelson (1999:1*)* word daar beywer vir: "… 'n voorspoedige, werklike demokratiese en internasionale mededingende land met geletterde kreatiewe en kritiese burgers wat produktief en vervuld leef in 'n omgewing vry van geweld, diskriminasie en vooroordeel". Alhoewel daar alreeds sedert 1994 met die demokratiese proses gevorder is, word daar nog steeds met probleme soos behuising, werkloosheid en geweld geworstel. Behuising word as een van die kernprobleme in die heropbou- en ontwikkelingsproses van die land beskou. Volgens die Witskrif oor Behuising, 1994 kan die meeste inwoners van die land nie 'n "aanvaarbare" woning bekostig nie, en is die grootste enkele probleem by die bou van huise die aspek van bekostigbaarheid. 'n Groot persentasie van die bevolking verdien minder as R999 per maand en hierdie lae inkomste is 'n belangrike kwessie in die behuisingskrisis (Department of Housing, 1996:1-5).

Die tydperk van demokrasie word ook gekenmerk deur die verhouding tussen ekonomie en politiek, veral ten opsigte van die vryemarkstelsel. Dit blyk duidelik dat die probleem van werkloosheid met die ekonomiese situasie in die land verband hou. Die huidige vlakke van werkloosheid is so hoog dat Suid-Afrika te kampe het met 'n nasionale krisis wat alle ander probleme oorskadu (Sidiropoulos, Jeffery, Mackay, Gallocher, Forgey, Chipps, 2000:305). Volgens die Internasionale Monetêre Fonds (South African Institute of Race Relations, Fast Facts, 1996c:2-3) is werkloosheid die moeder van alle krisisse in Suid-Afrika. 'n Groot aantal werkloses is betrokke by misdaad, prostitusie of die een of ander onwettige metode om geld te maak (South African Institute of Race Relations, Fast Facts 1996b:1-6).

Armoede, hongersnood, werkloosheid en 'n tekort aan wonings het nie noodwendig gelei tot die verhoging van misdaadvlakke nie, maar tesame met ander sosio-politieke en kulturele faktore verskaf dit 'n ideale broeiplek vir kriminele aktiwiteite, en dra dit by tot die verhoging van geweld in die land (Nedcor, 1996:20).

Dit is daarom noodsaaklik dat die direkte implikasies van bogenoemde probleme vir talle leerders besef word. Hulle word met aspekte soos hongerte of verblyf in plakkerskampe gekonfronteer. Die verhoogde vlakke van werkloosheid kan tot hoër vlakke van armoede lei, wat weer die misdaadvlakke laat toeneem. Omdat die vlak van geweld in Suid-Afrika gevaarlike afmetings aanneem, word Suid-Afrika as een van die mees gewelddadige lande ter wêreld beskou. Kinders en tienderjariges is meer dikwels die slagoffers van geweld as volwassenes. Hoewel die moratorium op statistiek oor misdaadsyfers akkuraatheid benadeel, bewys statistiek dat geweld teen kinders sedert 1994 toegeneem het.

Bogenoemde sosio-ekonomiese probleme het 'n negatiewe invloed op die leerders van die land en bemoeilik die taak van die onderwyser. Onderwysers, as een van die belangrikste rolspelers, is binne die skoolkonteks daarvoor verantwoordelik om jongmense voor te berei om krities en kreatief te dink oor sosiale probleme en om konflik en geweld rondom hulle te hanteer. Onderwysers kan hulle bemagtig om 'n positiewe bydrae in hulle omgewing te lewer. Opvoeding vir Vrede word reeds vir dekades internasionaal as 'n moontlike oplossing vir geweld beskou. Op nasionale gebied is dit ook besig om veld te wen (Carl, 1994).

Vroeëre navorsing deur Carl & Johannes (1996:66-88) het aangetoon dat daar in Suid-Afrikaanse tersiêre inrigtings 'n groot leemte bestaan ten opsigte van die opleiding van onderwysers in Opvoeding vir Vrede. Alhoewel onderwysers kernrolspelers is in die onderrig van Opvoeding vir Vrede, ontstaan die vraag of hulle in staat is om hulle rolle optimaal te vervul. Onderwysers moet dus bemagtig word met die kennis en kundighede ten opsigte van Opvoeding vir Vrede (Carl, 1994a:7). Die kernaspek wat in hierdie artikel aangespreek word, is die probleem dat onderwysers nie voorbereid is ten opsigte van 'n kardinale aspek soos Opvoeding vir Vrede binne die konteks waar geweld hoogty vier nie en dat daar ten opsigte van hierdie aspek onduidelikheid is oor die kritieke elemente in die opleiding van onderwysers.

## Doel van die ondersoek

Dit was dus in die lig van hierdie behoefte van die uiterste belang om daardie elemente te identifiseer wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n kurrikulumraamwerk vir die opleiding van onderwysers in Opvoeding vir Vrede. In die lig hiervan is 'n ondersoek onderneem om die kritieke elemente te identifiseer wat moontlik in so 'n breë kurrikulumraamwerk vir onderwysersopleiding ingesluit kan word.

Die hoofdoelstelling van die ondersoek wat in hierdie artikel gerapporteer word, is die identifisering van die kritieke elemente in die opleiding van onderwysers met betrekking tot Opvoeding vir Vrede. Hierdie elemente verwys na daardie kernaspekte, -temas of -fasette wat tydens die opeliding van onderwysers in Opvoeding vir Vrede essensieel is. Teen die agtergrond van huidige onderwysontwikkelinge was dit noodsaaklik om die ondersoek binne die konteks van uitkomsgebaseerde onderwys te doen. Die ondersoek het die volgende doelstellings ingesluit:

- om te bepaal hoe onderwysers die huidige veranderinge in onderwys ervaar;
- om vas te stel of daar ruimte in Kurrikulum 2005 is vir 'n faset soos Opvoeding vir Vrede;
- om te bepaal wat die belangrikste implikasie vir die onderwyser

is van uitkomsgebaseerde onderwys;
- om te bepaal hoe die huidige geweldstoestande die skole en hulle leerders beïnvloed;
- om vas te stel of die onderwysers 'n program in Opvoeding vir Vrede sal insluit in hul onderrig;
- om die vlak van onderwysers se kennis ten opsigte van Opvoeding vir Vrede te bepaal;
- om te bepaal watter besondere temas of inhoude onderwysers in so 'n program ingesluit sou wou hê;
- om te bepaal watter vaardighede onderwysers as noodsaaklik vir leerders beskou;
- om vas te stel watter onderwysmetodes effektief is in so 'n program;
- om te bepaal of onderwysers 'n persoonlike bydrae wil lewer tot die verkryging van vrede in die skool, die gemeenskap en ook in die natuurlike omgewing.

## Navorsingsmetodologie

In die lig van hierdie breë doelstelling en besondere doelstellings, is 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem, wat aangevul is met gestruktureerde onderhoudvoering met sekere onderwysers by geselekteerde skole, asook 'n vraelysondersoek as deel van 'n situasie-analise en behoeftebepaling. 'n Oorsese studiebesoek is aan verskillende vredesentra gebring om hierdie ondersoeke aan te vul ten einde internasionale perspektiewe te verkry op hierdie aangeleentheid. Die inligting wat bekom is, tesame met die plaaslike inligting, is benut om 'n teoretiese kurrikulumraamwerk te ontwerp vir die bemagtiging van onderwysers in Opvoeding vir Vrede.

Daar is dus van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak om die gestelde doelstelling te probeer realiseer.

Die kombinasie van hierdie bogenoemde metodes het 'n vollediger beeld verskaf van die onderwyser se persepsie van Opvoeding vir Vrede. Die "harde data", naamlik die statistiek in die vraelys, het duidelik aangedui oor hoeveel kennis onderwysers ten opsigte van Opvoeding vir Vrede beskik. Henning (1995:29) verwys na sekere aspekte in kwalitatiewe navorsing, soos byvoorbeeld die "onpresiese taalbeskrywings" en die "sagte data", wat die navorsing minder betroubaar kan maak. Tog noem sy ook dat streng kwalitatiewe navorsing wel 'n "stewige" keuse vir navorsing is. Volgens Miles en Huberman (1994:10) is die voordeel van kwalitatiewe data dat dit op gewone gebeure in natuurlike omgewings fokus en daarmee 'n goeie insig verskaf oor wat in die "werklike" lewe gebeur. Vir die doel van hierdie navorsing gaan dit oor die kritieke elemente in Opvoeding vir Vrede en die kennisvlak van die onderwyser in hierdie verband. Die navorser moes tot die omgewing van die onderwyser toetree om inligting te bekom en 'n duidelike beeld van die ondersoek-onderwerp te bekom.

## Geldigheid en betroubaarheid

Data wat verkry is, is vergelyk. Geldigheid en betroubaarheid is deur middel van triangulering (onderhoude, vraelyste, waarneming, lidvalidering verhoog. Betroubaarheid en geldigheid is verder versterk deur die gebruik van 'n buite-kodeerder en respondentvalidering. Die betroubaarheid van die navorsing is bepaal deur die noukeurige notering van alle inligting wat verkry is uit die onderhoudtranskripsies, waarneming en die data uit die vraelyste. 'n Hoë prioriteit is geplaas op die navorser se integriteit, objektiwiteit, noukeurigheid, korrektheid en eerlikheid waarmee inligting weergegee is om sodoende die geldigheid van die ondersoek te verhoog.

Die geldigheid is beperk tot die konteks waarbinne die ondersoek gedoen is, maar eksterne geldigheid sou uiteraard ontstaan soos ander kontekste hulle daarmee vereenselwig of daarmee saamstem.

## Bepaling van teikengroep

Ses skole wat al die voormalige onderwysdepartemente verteenwoordig, is geïdentifiseer en onderhoude is met 12 onderwysers wat reeds betrokke is by die implementering van Kurrikulum 2005, gevoer. Twee onderwysers elk van die Grondslagfase is vir die onderhoude gebruik. Daar is ook 'n vraelys aan elk van die 12 onderwysers voorgelê. Die onderhoude is in beide Engels en Afrikaans gevoer en die vraelys was ook in beide tale beskikbaar.

## Resultate en data-analise: enkele gevolgtrekkings

Die onderhoud is ingelei met 'n algemene gesprek oor vernuwing in die onderwys, die leerders in die algemeen en die geweldsituasie in die land. Die doel hiervan was om 'n klimaat te skep wat tot die realisering van die doelstelling sou bydra. Al die onderhoude het in 'n positiewe atmosfeer plaasgevind.

Die onderhoud het uit die volgende afdelings bestaan:
- Afdeling 1 (vraag 1.1–1.5) waar op Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) in Suid-Afrika (Kurrikulum 2005) gefokus is;
- Afdeling 2 (vraag 2.1–2.5) waar op die geweld in Suid-Afrika gefokus is;
- Afdeling 3 (vraag 3.1–3.8) waar op Opvoeding vir Vrede self gefokus is; en
- Afdeling 4, 'n vraelys van 12 vrae wat deur onderwysers voltooi moes word.

In totaal is 18 vrae vooraf geformuleer vir die onderhoude, maar soos die onderhoude gevorder het, is aanpassings gemaak afhangende van die response.

Vervolgens word 'n uiteensetting gegee van die vrae en die response van die 12 respondente wat uit die onderhoude verkry is. Opvoeding vir Vrede sal binne die konteks van die huidige veranderinge geskied en daarom was dit nodig om opvoeders se ervaring van die veranderinge te bepaal.

Vraag: Die instelling van Kurrikulum 2005 het gepaard gegaan met talle veranderinge in die onderwys. Hoe ondervind u persoonlik die verandering in die onderwys?

Van die respondente ervaar 83% die beweging na Kurrikulum 2005 as positief. Die positiewe persoonlike ervarings van die onderwysers wissel baie; vanaf stellings dat dit slegs 'n nuwe benaming is vir 'n ou werkswyse, tot die siening dat Kurrikulum 2005 as uitdagend beskou word en dat die huidige onderwysstelsel 'n meer praktiese benadering volg en meer leerdergesentreerd is.

Volgens die onderwysers ervaar die leerders Kurrikulum 2005 soos volg:
- Die leerders werk teen hulle eie pas;
- swakker leerders kry ondersteuning van die sterkes;
- die leerders vrees nie meer die onderwyser nie;
- die leerders werk sonder die onderwyser se betrokkenheid;
- daar word nuwe fokus geplaas op houdings en waardes, asook op houdings en gesindhede;
- die stadiger leerder vind baat by die nuwe kurrikulum.

Twee respondente was ietwat gedemotiveerd, want volgens hulle is daar nie genoeg opleiding aan onderwysers verskaf nie. Twee respondente is meer betrokke by die intermediêre fase, en is nog nie baie betrokke by die uitkomsgebaseerde benadering nie, maar hulle reaksie was wel baie positief.

Dit blyk duidelik uit die antwoorde op vraag 1 dat UGO meestal 'n hoë mate van positiwiteit by die betrokke onderwysers en leerders teweeggebring het. Die uitdaging wat die nuwe onderwysstelsel meebring, het daartoe gelei dat onderwysers en leerders ook die noodsaaklikheid van essensiële aspekte soos Opvoeding vir Vrede besef.

Vraag: Die benutting van leerareas bring 'n positiewe verskuiwing mee. Daar is ruimte vir u om ander essensiële onderwerpe, bv. lewensvaardighede, aan te raak. Hoe ondervind u hierdie aspek?

Hierdie vraag het oor die algemeen positiewe reaksies by die betrokke respondente uitgelok.

Die meeste respondente geniet dit om nie meer so eksamengebonde te werk nie en om die verskeie leerareas te kombineer. Volgens die respondente bied dit 'n geleentheid aan die onderwyser om die leerder in sy

totaliteit op te voed en sodoende kan leemtes by die leerder beter geïdentifiseer word. Die leerder se kreatiwiteit word bevorder. Respondent B1 verklaar dat die verskuiwing na leerareas baie beter werk, want die behoeftes van die leerder kom nou duidelik na vore.

Hierdie response dui aan dat daar ruimte vir Opvoeding vir Vrede is, want dit is 'n aspek wat in alle leerareas deur die onderwysers benut kan word. Die meeste onderwysers het ook aangedui dat dit in die huidige Suid-Afrikaanse situasie noodsaaklik is om leerders in 'n positiewe atmosfeer te onderrig. Bepaalde vaardighede moet aan leerders geleer word om 'n verandering in die denkrigtings en lewenspatroon van leerders teweeg te bring.

Vraag: Wat sou u reken is die belangrikste implikasie van uitkomsgebaseerde onderwys vir u?

Die meeste respondente verklaar dat die onderwysers baie goed voorbereid moet wees, meer naslaanwerk moet doen, en presies moet weet watter uitkomste aangeraak gaan word en hoe assessering gaan geskied. Dit is 'n leerproses waar die onderwyser en die leerder saam dinge uitvind. Volgens respondent B9 staan die onderwyser nie meer voor in die klas en gee les nie. Die leerders en die onderwyser werk saam en die leerder doen daardeur bepaalde ontdekkings. Die leerders geniet die praktiese sy en kan deur die onderwyser gelei word om interessante ontdekkings te doen. Meer klem word op die ontwikkeling van houdings, waardes en vaardighede geplaas. Daar is duidelik gemengde gevoelens onder respondente. Die meeste respondente reageer egter positief op UGO.

Die reaksie van respondent B3 beklemtoon dat dit wel moeilik is om na jare se opvoeding so 'n algehele ommeswaai te maak. Volgens hierdie respondent is daar nie genoeg tyd aan opleiding bestee nie. Respondent B4 wys op die groter klem wat op houdings en waardes in UGO geplaas word. Dit is juis op hierdie gebied dat Opvoeding vir Vrede as waardestelsel in UGO gebruik kan word. Die mens benodig wel 'n bepaalde waarde- en normstelsel. Vraag 1.3 dui dus aan dat die onderwysdepartement en die nie-regeringsorganisasies 'n belangrike rol moet vertolk in die voorbereiding van die onderwyser in UGO en dat hierdie voorbereiding die grondslag van die onderwysstelsel behoort te vorm. Alleenlik 'n deeglik voorbereide onderwyser sal die implikasies van UGO vir die leerder verstaan en alles in sy/haar vermoë doen om leerders vir die lewe na skool voor te berei.

Dit is binne hierdie konteks van verskillende persepsies en standpunte oor UGO, dat Opvoeding vir Vrede toegepas moet word.

Vraag: Kulturele diversiteit vorm vandag deel van die klaskamersituasie. Wat verstaan u daaronder en hoe beïnvloed dit u normale daaglikse prosedure?

Die onderhoude toon duidelik dat kulturele diversiteit faktore insluit soos taal, religie, verskillende woongebiede en ook die rasgroep van die leerder. Onderwysers het egter aangedui dat hierdie faktore in baie gevalle nie 'n nadelige invloed op hul daaglikse prosedure in die klas het nie.

Vraag: Hoe word bogenoemde aspek, onder andere kulturele diversiteit, deur leerders ervaar?

Ten spyte van kultuurverskille is dit uit die onderhoude duidelik dat leerders 'n hoë mate van verdraagsaamheid teenoor mekaar openbaar, aldus hierdie betrokke respondente. Volgens die respondente is leerders vriendelik en speel hierdie faktore nie so 'n groot rol by leerders nie. Geen of baie min probleme word tussen hul leerders ondervind. Leerders neem 'n meer positiewe houding in en hulle gee makliker uiting aan hul gevoelens as wat vroeër die geval was. Respondent B10 sluit hierby aan deur te verklaar dat leerders ook ten opsigte van godsdiens sê wat hulle ouers van die onderwyser verwag.

Die resultate van Afdeling 1 dui aan dat UGO deur die meeste van die betrokke responderende onderwysers gunstig aanvaar word. Die meeste respondente geniet dit om ander essensiële aspekte soos bv. Opvoeding vir Vrede aan te raak. Respondent B1 sluit hierby aan deur te verklaar: "... dit werk nogal beter".

UGO het verskeie positiewe implikasies vir die onderwyser en die leerders. Respondent B2 sluit so hierby aan: "... die onderwyser moet deeglik voorbereid wees". Kulturele diversiteit, wat 'n belangrike deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse samelewing, blyk 'n meer positiewe invloed op die leerders as op die onderwysers te hê. Probleme soos rassekonflik, godsdiens- en taalverskille wat soms by skole voorkom, is uiters minimaal in die betrokke skole waar die onderhoude gevoer is. Die klemverskuiwing na houdings en waardes laat nou 'n spesifieke ruimte om Opvoeding vir Vrede as 'n waardestelsel te benut.

In Afdeling 2 word veral die kwessie van geweld/misdaad in Suid-Afrika aangespreek.

Vraag: In die huidige SA opset word daar op talle gebiede gestreef na 'n oplossing vir die geweld/misdaad. Hoe kan hierdie probleem op skool gehanteer word in die soeke na oplossings?

Respondente verklaar dat veral sosio-ekonomiese probleme soos haglike huislike omstandighede, werkloosheid, asook alkohol- en dwelmmisbruik die grondliggende redes vir geweld, misdaad en seksuele misdrywe is. Dit lei tot probleme, soos gevegte tussen leerders, en ook baie dikwels vuil taal. 'n Uitvloeisel van hierdie omstandighede is aggressie by baie leerders. Baie woongebiede is blootgestel aan misdaad of geweld; dit benadeel leerders, en die invloed wat dit op leerders het, word in die skool sigbaar. Die leerders wat in hierdie omstandighede grootword, toon eienskappe van hierdie soort leefwyse, deur voortdurend te baklei, van mekaar te steel en konflik te vererger.

Verskillende metodes word deur onderwysers gebruik om hierdie probleme die hoof te bied. Respondente het 'n aantal oplossings genoem. Geweld word onder andere bekamp deur gebruik te maak van veiligheidskaarte vir besoekers aan skole. Wanneer geweld 'n leerder te veel affekteer, word hulp van sosiale werkers verkry. Die onderwysers probeer by leerders respek aankweek vir ander se besittings. Respondent B5 het verklaar dat daar by hulle daaraan gedink is om die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisie te vra om saam met leerders en ouers 'n gedragskode op te stel waarvolgens opgetree kan word. Probleme word ook in saalbyeenkomste aangespreek.

Dit is juis in hierdie konteks dat die belangrikheid van Opvoeding vir Vrede besef word. Die noodsaaklikheid vir 'n program oor Opvoeding vir Vrede vir sowel onderwysers as vir leerders blyk duidelik uit hierdie ondersoek.

Op die vraag "Beskou u SA as 'n vreedsame land?" het 99% van die respondente aangedui dat hulle van mening is dat SA nie 'n vreedsame land is nie. Geweld, verkragtings en misdaad word daagliks in die media uitgebeeld, en die televisie as uitsaaimedium bied ook min opbouende en positiewe programme aan. Die respondente voel baie onveilig in hulle huise, veiligheidshekke word as algemeen beskou en verkragtings is kommerwekkend. Respondente voel daar is geen vrede in SA nie, omdat mense geen vrede in hul eie gemoed het nie. Daar is geen respek vir mekaar nie, en mense het nie meer tyd vir mekaar nie. Respondent B10 verklaar wel dat hulle slegs in koerante van geweld lees en oor die nuus daarvan hoor, maar in haar skool nie direk daarmee te kampe het nie.

Die vraag "Wat is die belangrikste struikelblokke in die pad van 'n vreedsame leefwyse in SA?" bied ook relevante data vir hierdie ondersoek, aangesien dit op die kritieke elemente van Opvoeding vir Vrede impakteer.

Die oorwegende mening van die respondente is dat die sosio-ekonomiese probleme die grootste struikelblok is. Die volgende is as voorbeelde gegee: klasseverskille, werkloosheid, armoede en die tekort aan huise en skole, veral vir die opleiding van volwassenes, die gebrek aan die nodige wetgewing om misdadigers vas te vat asook die oënskynlyke regte van misdadigers, die tekort aan dissipline by ouerhuise, mense wat vaskleef aan die verlede, die rassekonflik wat nie opgelos is nie, 'n tekort aan wedersydse respek en die misbruik van menseregte.

Volgens die respondente is werkloosheid die grootste probleem in Suid-Afrika. Na hulle mening dien dit as oorsaak vir die misdade en ander probleme.

Die respondente is ook gevra hoe hulle normaalweg reageer op konfliksituasies, sowel binne as buite die klaskamer. Drie respondente het

aangedui dat hulle nie konflik kan hanteer nie. Respondent B2 sê duidelik: "Ek raak baie kwaad, en moet myself soms knyp om tot die werklikheid terug te keer". Respondent B1 verklaar " Ek raak histeries en tree op, ons gebruik nog die ou manier en slaan". Hierdie tipe respons dui op 'n behoefte om onderwysers ten opsigte van Opvoeding vir Vrede te bemagtig.

Die meeste respondente voel dat dit makliker is om met kleiner kinders te werk as met meer volwasse leerders omdat hulle ontvanklik is. Selfbeheersing word makliker toegepas, en 'n godsdienstige waardesisteem vorm 'n integrerende deel van sommige respondente se lewens. Respondent B6 wys leerders daarop dat hulle binne die skool een familie is, en verskille positief opgelos kan word. Opvoeding vir Vrede kan benut word as waardestelsel, vir sowel die onderwyser as die leerder. Onderwysers moet besef daar is positiewe wyses waarop konflik hanteer kan word.

Die vraag "Met watter tipe konflik word jongmense gekonfronteer?" is gestel om onderwysers en leerders bewus te maak van die soort konflik waaraan leerders blootgestel word. Die response het ingesluit spot, selfsugtigheid, onsekerheid, behoefte aan aandag, geld en werk, algemene ontevredenheid van mense, en onverdraagsaamheid.

### Samevatting (Afdeling 2)

Dit is duidelik uit die respondente se antwoorde soos in Afdeling 2 verstrek, dat SA volgens hulle nie 'n vreedsame land is nie, en dat daar 'n daadwerklike poging deur alle Suid-Afrikaners aangewend moet word om hulle vir vrede te beywer. Die ekonomiese probleme soos werkloosheid en armoede dra by tot hierdie toestand in die land. Respondente dui ook aan dat werkloosheid die voorloper is van die ander probleme. Wat duidelik na vore kom, is dat onderwysers bewus gemaak moet word van hierdie situasie, en dat daar ander maniere is om konflik te hanteer. Opvoeding vir Vrede kan benut word as meganisme om 'n meer vreedsame omgewing te bevorder. Die leerders kom alreeds op skool in aanraking met talle konflik-generende omstandighede soos byvoorbeeld afguns, haglike huislike omstandighede, spot, selfsugtigheid, onsekerheid, behoefte aan aandag, geld en werk, algemene ontevredenheid van mense en onverdraagsaamheid, en dit is nodig om die leerders te help om konflik op 'n positiewe wyse te hanteer.

Afdeling 3 van die onderhoude het gefokus op Opvoeding vir Vrede as 'n wyse waarop konflik moontlik in skole opgelos kan word.

Die vrae "Dink u die jongmense in SA kan vandag 'n verskil maak in die handhawing van vrede asook in die skepping van vrede?" "Watter moontlike bydraes kan hulle lewer?" het die volgende response gelewer:

Die reaksie deur respondente in hierdie verband was 100% positief. Uit die ondersoek blyk dit duidelik dat hulle oortuig is dat leerders, volgens hulle, wel 'n verskil kan maak. Die volgende wyses waarop leerders 'n bydrae kan lewer, is deur respondente voorgestel:

- Jongmense moet gereeld skool bywoon.
- Jongmense moet in organisasies werk.
- Hulle moet meer gedissiplineer word.
- Hulle moet besef hulle is die volwassenes van die toekoms.
- Hulle moet nie konfliksituasies skep nie.
- Hulle moet hulself respekteer.
- Hulle moet die regte leiding ontvang van ouers en onderwysers.
- Hulle moet emosioneel groei, en daardeur hul selfbeeld verbeter.
- Straf kan as 'n maatreël gebruik word om 'n bydrae te lewer. (Een respondent).
- Die media, bv. televisie, het 'n groot invloed op hedendaagse kinders wat meebring dat hulle gevolglik meer kennis het. Hierdie kennis moet positief aangewend word.
- Werkswinkels moet met leerders gehou word om vaardighede ten opsigte van positiewe konflikhantering te ontwikkel.

Onderwysers speel 'n belangrike rol deurdat hulle aan die leerders leiding gee ten opsigte van hul rol as vredemakers.

Op die vraag "Beskou u dit as noodsaaklik om 'n program oor Opvoeding vir Vrede aan te bied binne u leerarea?" was die reaksie 100% positief.

Die respondente se reaksie dui daarop dat 'n program oor Opvoeding vir Vrede 'n positiewe impak op leerders sal hê, omdat dit sodoende vrede in hulself en ook in die gemeenskap sal bevorder.

Volgens Respondent B8 sal dit "*fruitful*" wees om Opvoeding vir Vrede te implementeer, aangesien dit die hele gemeenskap sal bevoordeel. Die skool as deel van 'n gemeenskap met verskille sal juis so 'n program kan benut, maar leiding aan opvoeders (onderwysers) is noodsaaklik.

Die respondente se menings is ook gevra oor wat hulle as inhoude binne so 'n program sou wou insluit. Op hierdie vraag is die volgende deur die respondente voorgestel:

- geduld teenoor mekaar
- nie-gewelddadigheid
- hantering van seksuele teistering
- uitskakeling van rassekonflik
- respek vir ander
- menswaardigheid
- die reg om 'n eie mening te huldig
- die reg om van mekaar te verskil
- goeie kommunikasie
- konflikresolusie
- menslike ontwikkeling
- onderhandeling
- samewerking

Die resultate van die onderhoude bewys dat die meeste van die respondente nie spesifieke kennis het oor Opvoeding vir Vrede en die inhoude daarvan nie. Die algemene inhoude wat wel genoem is, is nou verwant aan dit wat deur die literatuur voorgestel is. Die doel van die ondersoek is bereik, want die leemtes ten opsigte van Opvoeding vir Vrede is weer eens uitgelig.

Opvoeding vir Vrede fokus ook op die ontwikkeling van vaardighede en daarom is die respondente die vraag gestel:

Vraag: Watter spesifieke vaardighede sal op hierdie wyse aan leerders oorgedra kan word?

Respondente het klem gelê op die ontwikkeling van die volgende vaardighede:

- simpatie, empatie, geduld
- wedersydse respek
- liefde vir mekaar
- respek vir mekaar
- samewerking
- die vermoë om te kommunikeer
- die vermoë om na mekaar te luister
- respek vir ander se eiendom
- die vermoë om te onderhandel

Bogenoemde vaardighede sluit nou aan by dié van Opvoeding vir Vrede wat in die literatuur voorgestel word, byvoorbeeld empatie, aanvaarding van ander se kultuur, respek vir ander en menslike verhoudingsvaardighede. Hierdie vaardighede gee aan leerders 'n stewige inhoudsbasis van die wêreld, en help hulle om selfstandig kennis op te doen en dit krities te ontleed. Hierdie leerproses help om 'n kritiese denkvermoë by leerders te ontwikkel en om leerders toe te rus om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n meer regverdige wêreld (Kekkonen, 1985:3815-3816).

Wat sou die leerders se moontlike reaksie wees? In die lig hiervan is die volgende vraag aan die respondente gestel: Sal leerders hierdie soort leerondervindinge positief in hulle lewe buite klaskamerverband kan gebruik?

Die meerderheid respondente het positief geantwoord op hierdie vraag, en op die positiewe aspekte gewys. Respondente is van mening dat positiewe leerondervindinge deel van die leerders se lewe moet vorm. Ouers en onderwysers, asook gemeenskapleiers, moet aangemoedig word om Opvoeding vir Vrede in hulle lewe te benut. Volgens respondent B4 sal leerders hul leerervarings positief kan benut as dit positiewe ervarings en nie net klaskamerervarings is nie.

Ten opsigte van die vraag "Hoe kan onderwysers leerders laat besef dat hulle 'n waardevolle rol het om te vervul as vredemakers in die alledaagse lewe, en hulle motiveer om daarvolgens te lewe?" was feitlik

al die respondente van mening dat die onderwyser 'n voorbeeld moet stel deur sy/haar optrede. Die onderwyser moet respek toon teenoor leerders in die klas en daardeur die leerders se steun verkry. Leerders sal dan besef dat hulle 'n rol het om te vervul in die alledaagse lewe.

'n Kernvraag is watter metodologie en strategieë benut sou kon word by die implementering van hierdie inhoude. Vandaar dan die volgende vraag:

Vraag: Watter onderwysmetodes kan deur onderwysers aangewend word om leerders te help om konflik op 'n vreedsame wyse op te los?

Respondente stel die volgende metodes vir konflikhantering voor (van die respondente het onder andere media as metode beskou):

- besprekings
- mondelinge gesprek
- dramatisering
- besprekings/ontledings van toepaslike TV-programme
- die gebruik van boeke, koerante en naslaanbronne in die klaskamer
- video's kyk en ontleed
- groepwerk
- navorsing oor geweldsituasies en die effek daarvan op samelewing
- die skep van tienergroepe

Bogenoemde metodes wat deur onderwysers voorgestel word, vorm 'n integrerende deel van UGO.

### Samevatting (Afdeling 3)

Al die respondente is dit eens dat 'n program oor Opvoeding vir Vrede werklik nodig is, sodat leerders kan besef dat hulle 'n verskil kan maak in die handhawing van vrede asook in die skep van vrede. Die inhoude wat onderwysers aangedui het, korreleer direk met die inhoude wat in die literatuur beskryf word. Respondente dui aan dat vernuwing ten opsigte van die onderwys positief deur hulle ervaar word en dat hierdie vernuwing daartoe bydra dat essensiële aspekte soos Opvoeding vir Vrede wat deur die navorser ondersoek word, aangeraak kan word. Bepaalde vaardighede en hoedanighede kan uitgebou word en dit kan tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld by die leerders lei. Hierdie positiewe optrede by leerders kan help om tot 'n misdaadvrye Suid-Afrika, waar mense mekaar respekteer, te lei. Vrede moet die kern vorm in elke leerder se lewe.

## Vraelys

Bo en behalwe die 12 onderhoude is 12 vraelyste ook deur respondente ingevul as deel van afdeling 4. Hierdie vraelys fokus op Opvoeding vir Vrede. Die resultate op hierdie vraelys word vervolgens gegee.

Vraag: In watter mate is u met die konsep Opvoeding vir Vrede (Education for Peace/Peace Education) bekend? (Merk met 'n X in die toepaslike blokkie.)

Tabel 1 toon dat van die respondente het 61.5% geen kennis oor Opvoeding vir Vrede nie, 23.1% het min kennis, 7.7% redelik, en 7.7% het aangedui dat hulle 'n mate van kennis oor hierdie aspek het.

**Tabel 1** ( N = 13 )

| | Geen kennis | Min | Redelik | Baie |
|---|---|---|---|---|
| Getal | 8 | 3 | 1 | 1 |
| Persentasie | 61.5 | 23.1 | 7.7 | 7.7 |

Indien die kategorieë Geen en Min kennis saamgegroepeer word, blyk dit dat 'n kommerwekkende 84.7% van die respondente aandui dat hulle onvoldoende kennis het ten opsigte van Opvoeding vir Vrede. Wanneer die kategorieë Redelik en Baie saamgegroepeer word, blyk dit dat 'n baie lae persentasie (15.4%) van die respondente wel kennis dra van Opvoeding vir Vrede. Hierdie resultaat toon duidelik dat daar 'n leemte binne die konteks van hierdie betrokke ondersoek is ten opsigte van onderwysers se kennisvlak betreffende Opvoeding vir Vrede.

### Vraag

Volgens die literatuur, en ook soos bepaal tydens 'n oorsese studiereis (onderneem in 1998), vorm die volgende kritieke elemente deel van Opvoeding vir Vrede. "Stem u daarmee saam?"

**Tabel 2**

| Kritieke elemente | Respons | |
|---|---|---|
| Vrede | **Ja** | Nee |
| Konflik | **Ja** | Nee |
| Konflikresolusie | **Ja** | Nee |
| Menseregte | **Ja** | Nee |
| Demokrasie | **Ja** | Nee |
| Onderhandeling | **Ja** | Nee |
| Rekonsiliasie | **Ja** | Nee |
| Samewerking | **Ja** | Nee |
| Verdraagsaamheid | **Ja** | Nee |
| Diversiteit | **Ja** | Nee |

In Tabel 2 is die **Ja** duidelik deur elke respondent aangedui. Al 12 respondente het aangedui dat hulle die gegewe inhoude as deel van 'n program oor Opvoeding vir Vrede as noodsaaklik beskou en aanvaar. Wanneer die elemente in oënskou geneem is, is dit opvallend dat al die respondente **Ja** by al die elemente aangedui het en dit as belangrik beskou vir die leerders se opvoeding. Dit bevestig die inhoude of elemente soos dit vanuit die literatuur geïdentifiseer is.

Hierdie inhoude word soos in Tabel 3 deur drie skrywers voorgestel. Die belangrikste elemente vir navorsing word in die tabel ingesluit.

Die ondersoek het aangetoon dat hierdie elemente as kernelemente beskou kan word in 'n kurrikulum vir Opvoeding vir Vrede.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat onderwysers besef leerders moet oor bogenoemde kritieke elemente beskik om 'n oplossing te bied vir die geweldsprobleem in skole, deurdat bykans almal dit op die skaal van 9–10 plaas. Die elemente is veral deur respondente op 'n hoë skaal aangedui, dus word die noodsaaklikheid daarvan vir leerders duidelik aanvaar. 'n Bepaalde program daaroor is uiters noodsaaklik.

### Samevatting van data verkry uit vraelysondersoek

Die ontleding van die data het die gebrek aan kennis oor Opvoeding vir Vrede, asook die behoefte aan programme, duidelik uitgewys. Dit is duidelik dat respondente wel die noodsaaklikheid van Opvoeding vir Vrede as 'n essensiële aspek in UGO beskou, maar dat dit nodig is om onderwysers in hierdie verband op te lei.

## Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Die resultate van die onderhoude en die vraelys toon aan dat daar in die doel van die ondersoek geslaag is. Daar is voorts 'n baie sterk korrelasie met die data wat uit die literatuurstudie bekom is. Volgens die gegewens is bepaalde behoeftes geïdentifiseer. Daar is by onderwysers 'n gebrek aan kennis ten opsigte van Opvoeding vir Vrede. Uit die ondersoek blyk dit dat onderwysers nie die bepaalde inhoude van Opvoeding vir Vrede ken nie. Na aanleiding van die onderhoude wat met onderwysers gevoer is, kom dit duidelik na vore dat Suid-Afrika nie 'n vreedsame land is nie, en dat die leerders leiding benodig in hierdie opsig. 'n Program oor Opvoeding vir Vrede is dus noodsaaklik, sodat onderwysers leerders in hierdie verband kan help en ondersteun.

Die ondersoek toon aan dat daar ruimte in UGO is om hierdie essensiële aspek aan te raak, maar dat dit alleenlik kan plaasvind indien onderwysers en leerders UGO positief ervaar. Die leerders, ouers, onderwysers en die hele gemeenskap sal 'n positiewe rol moet speel om SA in 'n positiewe en vreedsame land te verander.

As kulminasie van hierdie ondersoek is 'n teoretiese kurrikulumraamwerk saamgestel, met die belangrike kritieke elemente soos bepaal deur die empiriese ondersoek, as uitgangspunt (kyk Tabel 4). Die onderskeie kernelemente word vir hierdie doel as programorganiseerders beskou, terwyl daar vir elk van die betrokke elemente ook uitkomste

**Tabel 4** Kurrikulumraamwerk

| Programorganiseerder | | Kritieke uitkomste |
|---|---|---|
| 1. | Vrede | Leerders moet<br>• in staat wees om inligting in te samel, te analiseer, te organiseer en krities te evalueer (kennis);<br>• in staat wees om probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denkvaardighede (vaardighede);<br>• op verantwoordelike wyse deelname demonstreer in gemeenskapsake op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke;<br>• kultuurgebonde wees, en esteties sensitief wees ten opsigte van ras-, taal- en religieuse grense. |
| 2. | Konflik | Leerders moet in staat wees om<br>• probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denkvaardighede;<br>• met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• begrip te toon van die wêreld as 'n stel verwante sisteme deur te erken dat probleemoplossings-kontekste nie in afsondering geskied nie;<br>• op verantwoordelik-deelnemende wyse belangstelling te toon in gemeenskapsake, asook op plaaslike, nasionale en internasionale vlak. |
| 3. | Konflikresolusie | Leerders moet in staat wees om<br>• probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe vaardighede;<br>• effektief met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• effektief te kommunikeer;<br>• 'n begrip te toon van die wêreld as 'n stel verwante sisteme deur te erken dat probleemoplossings-konteks nie in afsondering kan geskied nie;<br>• 'n verskeidenheid leerstrategieë te selekteer en toe te pas met die oog op effektiewe leer;<br>• kultuurgebonde te wees, asook esteties sensitief ten opsigte van ras-, taal- en religieuse grense. |
| 4. | Menseregte | Leerders moet:<br>• op verantwoordelike wyse deelname demonstreer in gemeenskapsake, op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke;<br>• kultuurgebonde wees en esteties sensitief wees ten opsigte van ras-, taal - en religieuse grense;<br>• inligting insamel, analiseer, organiseer en krities evalueer;<br>• effektief met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saamwerk;<br>• begrip toon van die wêreld as 'n stel verwante sisteme. |
| 5. | Demokrasie | Leerders moet<br>• in staat wees om met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• inligting kan insamel, analiseer, organiseer en krities evalueer;<br>• kultuurgebonde wees en esteties-sensitief wees ten opsigte van ras-, taal- en godsdiensgrense. |
| 6. | Onderhandeling | Leerders moet in staat wees om<br>• probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denkvaardighede;<br>• effektief met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• hulself en hulle aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse te bestuur;<br>• na ander te luister, ander se standpunte te respekteer en te kan onderhandel;<br>• vaardighede ten opsigte van saakhantering te ontwikkel en toe te pas. |
| 7. | Rekonsiliasie | Leerders moet:<br>• hulself en hulle aktiwiteite op 'n verantwoordelike en 'n effektiewe wyse bestuur;<br>• op verantwoordelike wyse deelname demonstreer in gemeenskapsake, op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke;<br>• in staat wees om effektief met ander mense binne 'n span-, groep-, organisasie- of gemeenskapsverband saam te werk;<br>• in staat wees om probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denkvaardighede. |
| 8. | Samewerking | Leerders moet:<br>• effektief met ander mense binne 'n span-, groep-, organisasie- of gemeenskapsverband saamwerk;<br>• in staat wees om effektief te kommunikeer;<br>• op verantwoordelike wyse deelname demonstreer in gemeenskapsake, op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke. |
| 9. | Verdraagsaamheid | Leerders moet in staat wees om<br>• begrip te toon van die wêreld as 'n stel verwante sisteme;<br>• probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe vaardighede;<br>• effektief met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• hulself en hulle aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse te bestuur. |
| 10. | Diversiteit | Leerders moet<br>• in staat wees om effektief met ander mense in 'n span, groep, organisasie of gemeenskap saam te werk;<br>• kultuurgebonde wees, en esteties-sensitief wees ten opsigte van ras-, taal- en religieuse grense;<br>• respek toon en perspektief ontwikkel vir die diversiteit van die skoolomgewing. |

geformuleer is. Die doel is nie hier om 'n mikro-kurrikulum vir skoolonderwys saam te stel nie, maar bloot 'n breë raamwerk daar te stel wat as riglyn kan dien vir kurrikulering binne onderwysersopleiding. Onderwysers kan self verder oor strategieë en metodes besluit wat binne hulle bepaalde kontekste relevant sou wees. Dit word sonder enige verdere toeligting voorgestel.

Die volgende voorlopige bevindinge het uit die ondersoek geblyk:

- Transformasie moet eers "binne" opvoeders self plaasvind alvorens verandering werklik suksesvol kan wees.
- Uitkomsgebaseerde onderwys is by uitstek geskik vir die implementering van Opvoeding vir Vrede as gevolg van die aard daarvan, aldus die responderende onderwysers.
- 
- Uitkomsgebaseerde onderwys het vir die betrokke onderwysers 'n veel breër visie op onderwys gegee.
- Daar is 'n baie sterk behoefte om wel Opvoeding vir Vrede reeds op skoolvlak te implementeer en spesifiek die betrokke kernelemente soos vermeld.
- Opvoeding vir Vrede kan 'n konstruktiewe rol speel in die optimalisering van leerders se potensiaal.
- Leerders kan 'n belangrike rol speel as vredemakers in SA.
- Die geïdentifiseerde elemente in Opvoeding vir Vrede soos vermeld word deur die leerders en onderwysers as noodsaaklik beskou.
- Elke onderwyser en leerder kan 'n persoonlike bydrae lewer tot die bevordering van vrede in skole, en in die gemeenskap. Hulle wil

graag bydra tot die suksesvolle verloop van verandering.

- Onderwysers moet 'n belangriker rol vervul ten opsigte van veranderinge in die onderwys. Die "stem" van onderwysers moet veral in ag geneem word in hierdie proses. As persone op die grondvlak het hulle die meeste kennis ten opsigte van wat suksesvol is al dan nie. Hulle is bewus van die leemtes en die suksesse. Onderwysers kan by leerders 'n kultuur van rekonsiliasie en vreedsaamheid skep en hulle die positiewe hantering van konflik laat aanleer. Onderwysers beklemtoon dat hierdie klemverskuiwing nie net leerders bevoordeel nie, maar ook elke skoolgemeenskap en die land in sy geheel.
- Daar bestaan tans geen kurrikulum ten opsigte van Opvoeding vir Vrede binne die Suid-Afrikaanse konteks nie.
- Vanuit die ondersoek en literaatuurstudie blyk die volgende die kernelemente te wees wat tydens onderwysersopleiding in Opvoeding vir Vrede in sodanige kurrikulum ingesluit behoort te word: Vrede; Hantering van konflik en konflikresolusie; Demokrasie; Onderhandeling; Samewerking; Verdraagsaamheid; Rekonsiliasie; Diversiteit; Menseregte.

Daar word aanbeveel dat:

- Strukture ontwikkel word wat die implementering van Opvoeding vir Vrede binne die skoolkurrikulum moontlik sal maak;
- Strategieë vir die insluiting van Opvoeding vir Vrede binne onderwysersopleiding oorweeg sal word;
- Onderwysdepartemente ook ten opsigte van indiensopleiding hieraan aandag sal gee;
- Die voorgestelde teoretiese breë kurrikulumraamwerk uitgetoets sal word om die impak daarvan te bepaal;
- Aspekte van hoe Opvoeding vir Vrede binne die huidige Leeraraes op skoolvlak ingesluit kan word, volledig ondersoek sal word.

## Slot

Binne die konteks van veranderinge in Suid-Afrika is daar vele uitdagings, waarvan die hantering van die gewelds- en konflikprobleem een is wat dringend aandag behoort te kry. Opvoeding vir Vrede blyk so 'n relevante oplossing te wees, veral binne die konteks van UGO. Dit hou bepaalde implikasies vir onderwysersopleiding in, maar dit is noodsaaklik dat dit ook tydens indiensopleiding aandag sal kry ten einde die optimalisering van leerderpotensiaal te help verseker. Uiteindelik kan insette in hierdie verband reeds op skoolvlak op die langtermyn positiewe resultate hê. Bjerstedt (1993:30) beklemtoon dat Opvoeding vir Vrede 'n lewenslange opvoedingsproses is en dat dit die visie van beide die onderwyser én die leerder kan verbreed. Op grond hiervan is dit juis noodsaaklik dat die geïdentifiseerde kernelemente van Opvoeding vir Vrede as prioriteit beskou behoort te word binne die konteks van huidige onderwysveranderinge.

Ten slotte word volstaan met McCarthy (1992:6) se uitspraak:

> "If peace is what every government says and seeks, and peace is the yearning of every heart, why aren't we studying it and teaching it in schools?"

## Summary

Despite several years of progress with the democratic process, there are still problems with regard to housing, unemployment and violence. Of these, unemployment seems to be the mother of all crises in South Africa. A large section of the unemployed population is involved in crime, prostitution and some or other illegal means of making money. Although poverty, hunger, unemployment and the shortage of housing do not necessarily lead to an increase in crime, in conjunction with other socio-political and cultural factors, they do provide an ideal breeding ground for criminal activities, and contribute to the increase of crime in the country.

The above socio-economic problems have a negative effect on learners in our country and complicate the task of the teacher.

The teacher, one of the chief role models of children, is responsible (within the school context) for preparing young people to think creatively and critically about social problems, and to cope with conflict and violence around them.Thus teachers are empowering their pupils to contribute positively in their environment. This is in line with the vision of the Department of Education which is that the declaration of human rights acts as cornerstone of democracy in South Africa.

Peace education can be incorporated as an alternative process whereby specific positive attitudes and values are developed in learners, through focusing on the causes of conflict and violence ingrained in individual perceptions. For many educators Peace Education has been accepted as a possible solution for many of the ills of modern society.

Only fully trained educators will be able to optimally realise the aims of Peace Education. The core of the problem that is addressed in this article, is that educators are not prepared with regard to a cardinal aspect such as Peace Education in the context where violence is rife, and that no clarity is available about these critical elements, in the training of educators with regard to this fact.

An extensive literature study, supported by structured interviews with certain teachers at selected schools, and a questionnaire as part of a situation analysis and ascertainment of needs, was undertaken. Because of the topic and problem, the researcher was forced to use both quantitative and qualitative research methods. In order to gain international perspectives concerning what is regarded as imperative to the content of a curriculum for Peace Education, an overseas study trip was made with visits to various peace centres.

During the investigation the researcher focused on the following sections: outcomes-based education (OBE) in South Africa (Curriculum 2005), violence in South Africa, Peace Education and a questionnaire with 12 questions, completed by teachers.

The results of section 1 showed that most of the responding teachers readily accepted OBE. OBE has various positive implications for both the teacher and the learner. The shift to attitudes and values leaves specific space to incorporate Peace Education as a value system.

According to the respondents' answers to section 2, South Africa is not a peaceful country, and all South Africans must make a concerted effort to work towards achieving peace. Respondents also indicated that unemployment is the root cause of the other problems. There was a clear message that teachers must be made aware of this situation, and that there are alternative methods of handling conflict. Peace Education can be used as a tool to promote a more peaceful environment. Learners come into contact with various elements of conflict such as envy, domestic trauma, teasing, selfishness, low self-esteem, the need for attention, money and jobs, social dysfunctions and intolerance. It is clear that it is necessary to empower them to cope with conflict in a positive way.

All the respondents agreed that a programme of Peace Education is necessary in order to enable learners to realise that they can make a difference in both maintaining and promoting peace. Respondents clearly stated that modernisation with regards to education was perceived positively, and that this renewal can contribute to the inclusion of essential aspects of Peace Education, as investigated by the researcher. Specific capabilities and traits can be enhanced, and thereby contribute to developing a positive self-image amongst learners. This can in turn lead to a relatively crime-free South Africa, where people respect and honour each other. Peace must form the nucleus of every learner's life.

Analysis of the questionnaires showed that there is a lack of knowledge about Peace Education, as well as of the need for programmes. The results of the interviews and questionnaires show that the empirical investigation reached its goals. It is also clear that there is a strong correlation with the data from the literature study. The information gained, along with the local information, is used to develop a curriculum framework for the empowerment of teachers in Peace Education.

## Verwysings

Carl AE & Johannes D 1996. 'n Ondersoek na Opvoeding vir Vrede binne Onderwysersopleiding in die Republiek van Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde,* 16:128-133.

Carl AE 1994a. 'Education for Peace' — Die Rol van Enkele Opvoeders in Opvoeding vir Vrede. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 14:6-12.

Carl AE 1994b. Relevant Curriculum Development in Peace Education for a Post-Apartheid South Africa: Implications for the School and Other Key Role Players. Paper presented at the *15th International Conference of the International Peace*

*Reseach Association*, Malta, 30 October-6 November.
Department of Housing 1996. *Annual Report, Department of Housing*.
Henning E 1995. Qualitative Educational Research: Soft or Solid Option? *South African Journal of Education,* 15.
Johannes D 2000. Kritiese elemente in die opleiding van onderwysers ten opsigte van Opvoeding vir Vrede. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
Kekkonen H 1985. Peace Education for Adults. In: Husen T & Postlethwaite TN (eds). *The International Encyclopedia of Education. Research and Studies*, 7.
McCarthy C 1992. Why We Must Teach Peace. *Educational Leadership*, 50:6-9.
Miles MB & Huberman AM 1994. *Qualitative Data Analysis: A Sourcebook of New Methods,* 2nd edn. Newbury Park: Sage.
Nedcor 1996. *The Nedcor Project on Crime, Violence and Investment*, 1-81.
Nelson L 1999. *Skoolvernuwing deur Kurrikulum 2005*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
Quakers Peace Centre 1992. *The South African Handbook of Education for Peace*. Cape Town, 1-280.
Sidiropoulos E, Jeffery A, Mackay S, Gallocher R, Forgey H & Chipps C 1995. *South African Survey 1994-1995.* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
Sidiropoulos E, Jeffery A, Mackay S, Gallocher R, Forgey H & Chipps C 2000. *South African Survey 1999-2000*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
South African Institute of Race Relations 1996b. *Fast Facts*, July:2-3.
South African Institute of Race Relations 1996c. *Fast Facts*, August:1-8.
Taylor CA 1992. Verkennende Ondersoek na die Inhoud van 'n Kurrikulum om Vrede in Suid-Afrika te Bevorder. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 12:194-198.